



Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619

Crossroad Gospel Message NPC 2013/00234/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch 250053



# GROOT werk, GROOT seën!

Kyk, elke jaar is dit 'n geval van bloedsweet, bitter baie genade en sakke vol wysheid van Bo wat ons uiteindelik by **Deo Gloria** Kampgronde in die hartjie van die Noord-Kaap aanbring. Die aanslae is elke jaar ondenkbaar groot en hierdie jaar was GEEN uitsondering nie!

Ons het Dinsdagoggend vroeg gery, maar ons Kruispadspan was nie eers 30km weg van die huis af nie, toe wil dié blond omdraai en teruggaan huisstoe! Dit het net gevoel ek gaan dit nie hierdie jaar maak nie. Ek het soos Gideon onder in die parskuip gevoel en nie eens 'n engel sou my oortuig dat ek dit gaan maak nie!!

Daar word geweldig baie druk op ons span, ons kinders en onsself geplaas en dis seker maar net menslik as jy twyfel of dit werklik God se wil is....sjoemel, dit is beslis een van die moeilikste hekkies om oor te spring! Maar, ons het verder gery en Dinsdagmiddag by Deo Gloria aangekom waar die atmosfeer rustig, maar afgewant ons ingewag het! Ek dink die engel, waarvan my liefeling man beslis een is, het hulle nie eens gesteur aan my geestelike tantrums nie!

Ons het dadelik aan die werk gespring. Braam en sy span het reeds vir ons baie voorbereiding gedoen t.o.v die stage en die saal en ons kon laat waai met die dekor en klank. Hierdie jaar was ons tema MY LEWENSLIED en ons 60+ vlae gemaak! Ek kan nie genoeg dankie sê vir Connie, Trudie en Ouma Engela vir jul harde werk nie. Dit het net eenvoudig alle verwagting oortref!



Elke geskenkie is met soveel liefde, tyd en hope geduld gemaak. Dankie Scharmaine vir al die verf & pewter werk en Coen vir die nagmaal bottelitjies en vlagties se maak en pak! Almal wat gehelp het om dit so spesiaal te maak...DANKIE! Ek dink elke vroue het iets om haarselv aan te herinner wat alles gebeur het en die boodskap van hierdie naweek!





Van Vrydagoggend was daar 'n miernes van bedrywighede en dit was so heerlik om te sien hoe die busse inkom. Van die kleinste bussie tot ons groot 60 seater van Vanderbijlpark! Die lug was gevul met 'n Goddelike Verwagting ....



Ons registrasies het vlot verloop en al die vrouens het hul plekkie vir die naweek uitgeskrop. Teen 6 uur was ons gereed vir aandete en jy kon die elektrisiteit in die lug voel....**AWESOME!**



Toe ons worship team op die verhoog stap het Francois gesê: **"Vrouens, ons begin waar ons afgesluit het verlede jaar!"** Ons het weggetrek met "Champion" en dit was 'n hemelse gesig! Daarna het ons die **kamp se temalied** gesing van Fredi Nest

**"Daar's 'n vuur hier binne my en dit brand, ja dit brand..."** Die **VUUR VAN GOD** was daar! Daarna het Francois 'n kosbare sessie aangebied rondom **MY LEWENSLIED** en die vraag was:

**"Wie sing en speel op jou LEWENSLIED CD/DVD wat nie daar hoort nie? Wat sing jy en hoe lyk jou LEWENSLIED DVD/CD?"**



Dit is die **BOODSKAP** waarmee ons Vrydagaand weggespring het en ons kon toe reeds die pyn en seer ervaar van soveel vroue wie se **LEWENSLIED** verwronge of selfs verwoes was!

Hierdie kamp het op so 'n hoë noot weggetrek en **00:30** Saterdagoggend het ons moeg, maar tevrede na 'n laaaaang dag in die bed geklim, net om 05:00 weer op te staan en te begin regmaak vir 'n uigestrekte Saterdag wat voorgelê het!



# SPIRIT OF JOY!



Nou ja, hierdie kamp is gekenmerk deur die **SPIRIT of JOY!** Dit het eintlik al 'n paar weke voor die kamp begin, maar lees meer daarvan op Bladsy 13!

Ons vroue (en manne) word deesdae so onderdruk en verdruk deur stress, spanning, moegheid en al sulke gemors. By hierdie kamp het God deur Sy Heilige Gees se werking ons kom verlos en vrygemaak! Dis die wonderlikste ervaring om gevul te word met hierdie **GODDELIKE BLYDSKAP** wat **GEEN MENS** kan steel nie!



Ons het hierdie jaar geen formele dansgroepe gehad nie op grond van God se duidelike instruksies.

Dit was ook verbasend om te sien dat daar bykans GEENEEN van ons normale dansgroepe se vrouens geboek het vir hierdie kamp nie.

'n Klein, 6 jarige seuntjie, **Martin Strydom van Vanderbijlpark** het vir ons **Amazing Love** gedans wat so 'n ontsagwekkende groot salwing gedra het. Ons het God se liefde intens ervaar! Om te sien dat so 'n seuntjie reeds uitverkoop is aan Jesus Christus, was vir ons fenomenaal! **DANKIE JESUS!**



**Tannie Wilma** wat deel is van die **Shekinah Dansgroep in Brits** het vir my en Francois Saterdagdag bedien met die welbekende kinderliedjie: **Moses & Aaron**. Ons het almal saam gejabulah, want dit het ons gees so geroer toe ons die woorde hoor: "...**JULLE MOET DIE VOLK UITLEI!**" Dankie vir daardie profetiese aksie en woord tannie!

## "Where the Spirit of the Lord is

## there is FREEDOM!"



# 48 Dopelinge!



**Handelinge 22:16** En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes awfas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.



Nadat Francois vir ons vroue die **bekeringsdoop** so pragtig verduidelik het, het **48 vroue** die stap van gehoorsaamheid geneem om hulle te laat doop. Hulle is saam met Christus begrawe deur die doop en het saam met Hom opgestaan in hul nuwe, ewige lewe! (Romeine 6:4)



**Romeine 6:4** Ons is dus **saam met Hom begrawe** deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook **so in 'n nuwe lewe kan wandel**.

## Dankie Jesus!



Elke vrou het haar **unieke doopsertifikaat** ontvang. Ons sertifikate was 'n rapsie te min, so vroue...hou gerus die pos dop. Jou sertifikaat is oppad!

**Laat weet asb indien jy nog jou Doop Sertifikaat soek van enige van ons kampe. Kontak Connie@0823282988**



**Handelinge 2:38** En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

# Newcom Fluid Management Central South Africa Offices



Hierdie was ook die kamp waar ons **AMPTELIK** ons **Kruispad Bussie** aan ons **Kruispad Konings en vroue** kon wys en **Della & Ronel van Huyssteen** het die naweek verteenwoordig as



**Direkteure van Newcom Fluid Management** om ons bussie dan amptelik aan Kruispad te oorhandig! Alhoewel Newcom 'n jong, opkomende maatskappy is, verstaan hulle die beginsel van saai en maaie.

Della het getuig hoe die Here die koop van die Vito bussie in sy hart oopgebreek het en hy kon Saterdagaand as gehoorsame kind van God voor die vroue staan en getuig wat God kan doen as jy gehoorzaam is aan SY opdrag.

Newcom het onderneem om die volle paaiement van hierdie bussie te betaal en ons staan in verbasing oor hoe die Here somtyds te werk gaan. Hy gebruik wie Hy wil, hoe Hy wil, wanneer Hy wil. O, en moenie dink die Here gaan jou soebat om te gee sodat Hy jou kan seën nie. As jy nie wil nie, vat Hy 'n volgende een wat gewillig is.

**Om in God se wil te lewe, is die veiligste plek,  
maar ook die mees geseëndste plek om te wees!**

# [www.newcomfluid.co.za](http://www.newcomfluid.co.za)

Gaan besoek gerus hierdie kosbare mense se webtuiste! Hulle verskaf en installeer brandstof & ander vloeistof sisteme vir boere, sake ondernemings...van die kleinste tot die grootste!

**"Here, ons maak U guns, voordeel en seën styf vas aan Della & Ronel se lewe en weet dat U hulle van krag tot krag tot krag gaan laat groei! Ons bid ook vir reën op hul grond en verklaar dat daar oorvloed sal wees in elke gebied van hul lewens en in die van Newcom! AMEN en AMEN!"**

Sjoe die profetiese vrouekamp was weer eens net amazing gewees. Ek het nie eers woorde om dit te beskryf nie. Dankie Ps. Francois en Rene vir die awesome mense wat julle is en die besonderse werk wat julle vir die Here doen.

**Elrika Booyens**



# Aan God al die Eer!

Dankie dat julle Vader se instrumente is. God seen julle handwerk. Dankie vir n geesgevulde naweek.  
**Elmeri Naude**

Dankie baie dat julle Vader se instrumente is, dat julle gehoorsaam is. God seen julle handwerk. Dankie vir n geesgevulde naweek! baie Blessings op Blessings vir die nuwe projek wat julle aanpak, God gaan in oorvloed voorsien! lief julle! x  
**Ann Erasmus**

Baie dankie Francois en Rene dit was n naweek duisend, ek het dit so geniet dit was net te kort gewees. Die Here is goed, mag jul n geseende aand verder hê en nogmaals dankie.

**Hester Fourie**

**Elsa Ungerer** Ek was ook op die kamp. En ja mens ka dit nie beskryf nie. Dit was absoluut fantasties. Het weer moed en krag vir die lewe. Het n vry mens daar weg gegaan. Almal wat verlore voel moet wert. **JESUS HET JOU LIEF!!!**



Hi René ek wil net baie dakie sê vir 'n wonderlike naweek by die vrouekamp. Ek het dit so baie geniet en so baie ontvang. Ek kan ons Vader net baie dankie sê en Hom al die eer en die lof en aanbidding gee. My hart was so seer toe ek daar weggaan. Ek wil net vir jou sê: "Mag God vir jou en jou man toevou met Sy liefde en dat Hy julle rykslik sal seën op die pad saam met Hom. Julle het die liefde van Jesus in julle harte. Julle het soveel harte aangeraak en ons is baie lief vir julle! **Aletta**

Wat 'n voorbeeld is julle nie van hoe God se kinders moet lyk nie! Sal julle graag weer by AGS Dinamika wil sien! **Deidré van Wyk**

**Leonie Nel** Mag julle goed uitrus. Ek se net dankie aan die Here want Hy het elke verwagting van my hart oorboord gegaan en ons sal nooit meer dieselfde wees. Dankie dat jul getrou is en ons bid vir julle. "Daars n vuur binne my en hy brand baie beter"

Hi julle mooi kinders van die Here! Dankie vir die blessings wat ons ontvang het. Dankie vir wat julle als gedoen het. Dit was net die KRAG van Heilige Gees wat hierdie kamp so awesome gemaak het!  
**Lereta (AGS Dinamika Vdbpark)**



Danki GOD vir die twee mense en aan die manier wat hulle U Woord uitdra Dit het my lewe verander Ek kan nie wag vir die volgende kamp nie Francois en Rene BAIE DANKIE. MAG GOD JULLE RYKLIK SEEN Ek bid dat GOD julle plekki op Makwasi ook sal seen. Julle. Hele span is Puik!!!  
**Makki Viljoen**

**JESUS**

**Marietjie Jordaan**  
Het n nuwe mens terug gekom dankie Lieve Heer vir U genade vir my!!!!



Halooooo! Dankie aan julle en julle span vir al die moeite en harde werk wat in die naweek ingegaan het om dit vir ons onvergetlik te maak.

Dit was wonderlik om net weer so vervul te word met die Gees en ek het die amazingste skrif vir myself gekry! Die Here sal julle seen elke liewe dag van julle lewens!!! **Celeste Terre-Blanche**



Danki papa Vader vir sulke AWESOME Geseende Geestelike ouers! Danki vir n WONDERLIKE Vroue Kamp!  
**Doret Steyn**

# Ons onderteken ons CD KONTRAKTE!

Dit was verseker een van ons kamp se hoogtepunte! Ons het vir elke vrou 'n **LEWENSLIED KONTRAK** gemaak wat sy selfs moes voltooi en haar duimafdruk in **ROOI** moes druk.

Met hierdie kontrak het sy bevestig dat sy **VERANTWOORDELIK** is vir haar **EIE KOMPOSISIES** en **VERWERKINGS** op haar **LEWENSLIED CD & DVD**. Alle **kloousules** is uiteengesit in **Aanhegsel A** (Die Bybel) en alle **kostes** vir haar produksie is reeds betaal deur **Trinity Productions** (**Vader, Seun & Heilige Gees**) - natuurlik Jesus Christus se Kruisdood!



Sy onderteken ook dat daar 'n **GALA AAND** gaan wees waar haar **Lewenslied Produksie bekendgestel** gaan word en **BEKROON** gaan word! Dit moet vir jou bekend klink? Daar kom 'n dag in elkeen van ons se lewe waar jy voor Christus sal staan en jou werke beoordeel sal word (**Openb 20:12**)

**Elke vrou moes haar eie LEWENSLIED beoordeel op Saterdag, 26 Oktober 2013 en besluit of dit hierdie produksie aanneemlik is voor God. Sy moes inventaris neem van die songs wat alreeds opgeneem is, wie daarop sing en speel saam met haar. Daar is GROOT besluite geneem en ons het beleef hoe vroue voor God breek as gevolg van mense wat besig was om hul LEWENSLIED te vernietig!**

Ons loof die Here vir die **vrymaking, skoonwas en "format"** proses wat plaasgevind het op soveel van ons se Lewenslied CD's! **Mag elke man en vrou wat nou hier lees**, besef wat hulle werd is vir God en dat jy jou **LEWENSLIED PRODUKSIE** moet **beskerm met alle koste** teen die groot verwoester & leunaar.

**Moenie langer toelaat dat mense jou LEWENSLIED opvoeter ten koste van jouself nie. Jy gaan ALLEEN voor God staan op hierdie "GALA" dag en mag jou produksie 'n "HEMELSE OSCAR" ontvang!**

**JY IS DIE EWIGE LEWE WERD!**



# Nuwe Kruispad Konings!



Kruispad is 'n nie-winsgewende bediening en ons werk 100% in die geloof. God is ons Betaalmeester en in 2007 het die Here ons uit die **AGS Vanderbijlpark** geroep om voluit in die bedieningsveld te staan. By daardie jaar se vrouekamp (The King's Chamber vir julle wat nog kan onthou!) het God ons geroep om voltyds op die pad te werk en vir ons geseënd met 'n Isuzu KB250 Diesel bakkie wat ons vandag nog ry!

Die Here het ook vir ons 'n belofte gemaak dat **HYSELF konings om ons sal oprig** wat ons **finansieël sal dra**, maar ook in die geestes realm ons **hande sal hoog hou**. In **2009** het God die heel eerste **KRUISPAD KONINGS** opgerig en van daar af hou hierdie konings tesame met al ons nuwe konings wat oor die afgelope 4 jaar bygevoeg is, Kruispad op die pad! Die Here het ook die **getal 5 wat GENADE beteken** op ons harte gelê en as God jou as koning oprig, **moet jou bedrag 'n 5 bevat of 5 moet daarin kan indeel!** Ons intree bedrag is dus R55.55 = **GENADE OP GENADE OP GENADE OP GENADE!**



Ons kan die Here nie genoeg dankie sê vir hierdie jaar se **KRUISPAD KONINGS** wat weereens deur **Sy Gees oortuig en opgerig** is nie! Meeste van julle weet dat ons besig is om op **Makwassie ons Kruispad Kampgronde** te ontwikkel en as alles goed verloop, behoort ons teen **einde November** vanaf Orkney oorgetrek te wees na Makwassie.

Finansieël sal dit betekenis dat ons meer van ons lewenskostes kan kanaliseer na die kampgronde toe vir die ontwikkelingsfases. Ons is die Here dankbaar



vir **Ferdi & Scharmaine Smuts** wat die grond net langs ons Kruispad gronde gekoop het. Hulle is deel van ons Kruispad span vir die afgelope 2jr en het deel 100% in die visie vir hierdie gronde. Hulle het vir ons "**lewenslange vruggebruik**" gegee op 'n gedeelte van hulle grond waarop daar 'n 3 slaapkamer parkhome is en nog 'n kleiner 2 slaapkamer parkhome is wat ons as kantore gaan inrig. Ons gaan self nou tydelik in die een parkhome bly tot die finale herstelwerk aan ons huisie op die kampgronde afgehandel is. Die parkhomes sal dan dien as permanente kantore en basis vir Kruispad vir die toekoms. Vir die eerste keer in Kruispad se geskiedenis sal ons kantore geskei wees van ons huis! What a blessing!!!!

## Ons gaan dus 3 Amptelike Kruispad Kantore hê vanaf 1 Desember:

- ♥ 6 Dahliastraat, Klerksdorp wat deur **Connie & Coen Claassens** beman sal word en dan ons
- ♥ **Makwassie kantore** wat deur **myself en Francois** beman sal word. (**LW Ons landlyn nr sal verander vanaf 1 Desember**)
- ♥ **Ferdi & Scharmaine** sal die **Kampgronde Bestuurders** wees met hul eie kantoor wat grens direk aan die kampgronde



Indien God se **Heilige Gees** jou oortuig het om 'n **Kruispad Koning te word**, maak **Stratcol** se debiet order sisteem dinge net soveel makliker vir jou en vir Kruispad!

Stratcol is 'n maatskappy wie se bestuur ook uitverkoop is aan Jesus Christus! Hulle ondersteun 2 welsynsprojekte in SA met groot sukses. Besoek gerus hul webtuiste:

<http://www.stratcol.co.za/>

Hierdie debietorder vorm kan jy voltooи en na ons kantoor terug e-pos of faks (086 622 5363).

**Kruispad dra die kostes van elke aftrekking, dus het ons Konings GEEN bankkostes nie.**

Indien jy verkies om self jou oorbetalings te doen, is jy meer as welkom en het ons net jou besonderhede nodig om jou aan te teken as 'n Kruispad Koning sodat jy ons Nuusbriewe, SMSens gereeld kan ontvang.

# Veranderings!

Stel ons ASB in kennis van enige **selnommers**, **bankbesonderhede** of **bedrae** wat moet verander. Indien jy jou maandelikse aftrekking wil verhoog, e-pos ons asb na [rene@crossroad-ministries.co.za](mailto:rene@crossroad-ministries.co.za)

STRATOCLOUD die u bestuurbaar maak				
<b>DEBITORDERINSTRUKSIE EN MAGTIGING</b>				
<b>PERSONELLE BESONDERHEDE VAN KLIANT</b>				
Titel en vulle name:				
ID/Rag. Nr.:				
Pasades:				
		Periode:		
Telkontoen	Kode:	Nommer:	Sel. Nr.:	
Faks	Kode:	Nommer:	Eos:	
Gebruiker se verwysing vir beginnende kliente:				
<b>BANKBESONDERHEDE EN TREKKINGSINSTRUKSIE</b>				
Naam van rekeninghouer:				
Rekening Toe.	Legend:	<input type="checkbox"/> Spaar	<input type="checkbox"/> Transiese	<input type="checkbox"/> Kredietkaart
Rekening Nr.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Takkode:	<input type="checkbox"/>
Bank Naam:				Takk:
<b>TREKKINGSINSTRUKSIE (Kies korrekte blokke)</b>				
A) Kategorie:	Einmalig	<input type="checkbox"/>	Indien voorlaag, voltooi na die laaste trekkingdatum by ID:	<input type="checkbox"/> Maandlike <input type="checkbox"/> Wekeliks <input type="checkbox"/> Ander <input type="checkbox"/> Later in konteks stel <input type="checkbox"/>
B) Eerste twee trekkinge:	<input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Bedrag:	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>
Eerste trekkingdatum:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	Bedrag:	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>
Twede trekkingdatum:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>		<input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>
C) Aanloopende trekkinge: (Meer trekkinge as net die twee be aangevul)				
C.1) Maandeliks:				
Hoeveel wordende maande na die tweede trekking soos in B) aangegevul:	<input type="checkbox"/>	of voortgaan tot met konsessie:	<input type="checkbox"/>	
Maandelikse trekkingdag:	<input type="checkbox"/>	of laaste dag van die maand:	<input type="checkbox"/>	
Aanloopende trekkingbedrag na die tweede trekking soos aangegevul in B):	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>	- <input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	
Indien, van toesig, laaste trekkingdatum:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	
en bedrag indien verskil van aanloopende trekkingbedrag soos bo:	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>	- <input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/> Jaarlike escalasie <input type="checkbox"/> %	
C.2) Weeklikse:				
Hoeveel wordende wke na die tweede trekking soos in B) aangegevul:	<input type="checkbox"/>	of voortgaan tot met konsessie:	<input type="checkbox"/>	
Trekkingdag: Maan/Dins/Woens/Don/Vry (vermeng)				
Aanloopende trekkingbedrag na die tweede trekking soos aangegevul in B):	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>	- <input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	
Indien, van toesig, laaste trekkingdatum:	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	
en bedrag indien verskil van aanloopende trekkingbedrag:	R <input type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>	- <input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/> Jaarlike escalasie <input type="checkbox"/> %	
<b>DIENKE ANDER TREKKINGSINSTRUKSIE:</b>				

Is goedkeuring beperk tot 'n maksimum bedrag wat per maand getrek mag word? Ja / Neen  
Indien beperk, aan wat bedrag: R  .  .

Eks, wie die kliënt van betreklike gesagagtigheid verantwoordelik daarvan ("die Kliënt"), gee hiermee goedkeuring aan die entiteit hieronder genoem (Gebruiker), STRATOCOM BPK en/of sy amptiges, om d.m.v. Elektroniese Debiteertoer vir die beginnende toereling van enige ander rekening in die naam van die KLIËNT by deselfde of enige ander bank, omgaai of af te gele deurverwysing vir die KUNFT van die GEBRUIKER, as hoofsaaklike of borg vir enige ander rekening, en om genoegte geldte op te betaal aan die GEBRUIKER. Die goedkeuring gague is beperk tot enige maksimum bedrag en aktuarieel begin of tereg, 7 dae na die datum van hierdie goedkeuring.

Ek aanvaar die volgende om van toetsing te wees Histories:

1. Ek moet my naam en my tel. nommer met my toetsing kom, maar met 30 identiteite dan skriftelike kommissie aan die Gobelinstruktor by sy fisiese adres;
2. Ek ontken dat ek deur die KUANTO, alternatief en/of gemislyk, vrylaai die Gobelinstruktor, STATTOL EDSM IBX en/of sy agents hoor enige van enige aangewese wat kan oortrek aan my ekonomiese debet of oordragte dié en hiervan goedkoopheid houe noeds hartogtigheid of sal;
3. In die gevval waar die relevante toekennings nie genege word beskikbare fondse het om enige debet te klap, is ek bewus dat in hoek geval sal word teen die KUANTO so rekening daar die bank en die Gobelinstruktor vir hierdie terugsondering. Ek aanvaar die verantwoordelikheid om genegegewe fondse te klap en die KUANTO sal daarvan nie verantwoordelik gesien nie, soos dit nie die volle verantwoordelikheid van my tot hoi;
4. Enige verwysing na die eritisiteit sou hieraan geen sluit nie in verwysing na enige onvoldigheid in titel of in aansluiting;
5. Hierdie goedkoopheid is nie 'n weegs van my sosialele belangsoorkomste van ons, nie, dit sluit nie as onopvoerlike vir die manier van betrekking tot ons, of van ons, nie enige nuwerigheid wat die Gobelinstruktor sal of genoot word wantoor die wettige belangstelling daar vir die Gobelinstruktor sou uitgaan;
6. Soos daarby duidelik geteken sal die Gobelinstruktor so nooit op soek te word in hierdie omstandighede, nie in dies nie, ondanks die KUANTO om sy hande,

<b>HANDTEKENING VAN KLIENT</b> Telkens volgjies u handtekening insluitende by u bank:												
Handtekening 1	2							Datum	/ / 20			
<b>BESONDERHEDE VAN GEBRUIKER VAN DEBETORDERS STELSEL VIR WIE DIE BETALING GEKOLLEERTE WORD</b>												
Naam	CROSSROAD	M	I	N	S	T	R	E	S	Kode	5 2 6 6	

**Aangeheg aan hierdie Nuusbrief is daar 'n Stratcol Debietorder Vorm**

# Stuur asb jou **GEBEDSVERSOEK** deur na

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:  
CROSSROAD GOSPEL MESSAGE NPC  
FIRST NATIONAL BANK  
CHEQUE ACCOUNT: 62355533540  
BRANCH CODE: 250053**

Bogenoemde bankbesonderhede is ook dieselfde vir ons  
**Kruispad Familie Kerk**

# Kruispad sê DANKIE....

Die Here lê dit net op ons harte om vir mense wat werklik onder geweldige druk moes werk by hierdie kamp, dankie te sê. Ek weet julle doen dit nie vir 'n mens nie, maar vandag wil ons dankie sê en God se seën en guns styf vasmaak aan julle lewens en bedieninge!

Vir ons **Hemelse Vader, Sy Seun & sy Heilige Gees** - sonder God se salwing sou **NIKS** moontlik gewees het nie!



**Connie... Dankie vir** al die "shopping", naaldwerk (sy het 66 vlae gemaak!), administratiewe verpligte en jou onvoorwaardelike beskikbaarheid, diensbaarheid te alle tye! Ek het behoorlik jou nommer warm gebel en jy moes dit alles hanteer terwyl jy nog jou pappa se begrafnisreëlens en jou ma se boedelsake moes afhandel. Jy is 'n P.A duisend en ek sal




**Coen ... Dankie vir** al die boksies wat gepak moes word, piepklein vlaggies wat jy moes maak, micro klein nagmaal botteltjies wat jou gryshare gegee het, clamps vir ons vlae (eish!), al die ekstra houtwerk en tussendeur moes jy nog rondry om die bussie te laat diens in potch, bokse kry vir die groot trek, help dekor oopsit en toe nog help met bediening tot in die oggendure!!

**1Thes 1:2**

Every time  
we think of  
you, we  
thank God  
for you.



**Braam & Riana...Dankie** vir jul diensbaarheid aan Kruispad vir die afgelope 6 jaar! As Kruispad Konings maak julle die bediening soveel makliker vir my en Francois! Dankie vir die saal se regmaak voor ons kom. Riana jou kos kom uit die hemel uit! Ons proe Jesus se liefde in elke maaltyd! Baie baie dankie uit ons harte! Dra asb ons dank ook oor aan jul kombuisspan en werkers. Hulle is ALYD vriendelik en bereid om te help waar hulle kan. Dis so lekker om elke jaar daar aan te kom en hierdie gesigges begroet jou!




**Oom Sakkie & Tannie Joy.... Dankie** vir al jul hulp en ondersteuning wat jul elke jaar onbaatsugtig aan Braam & Riana gee, maar indirek vir Kruispad. Dankie vir julle gebede en liefde en ons is trots om julle as Kruispad Konings te hê. God het julle voorwaar opgerig vir Kruispad en ons is trots om julle as deel van ons visie en hartklop vir God se Koninkryk te hê!



**Scharmaine & Ferdi...Dankie** dat jul ingepring het om te werk vir God se Koninkryk. Ons kan julle nie beloon nie, maar ek dink julle het al die satisfaksie gesmaak as julle sien hoe iemand vrygemaak word of Jesus aanneem. Scharmaine baie dankie vir elke boksie wat jy met geduld en liefde, geverf het, plaatjies oopgesit het en al jou hulp om die registrasie punt by die kamp 100% suksesvol te laat verloop! Dankie ook dat jy Kruispad se Paparazzi is en ons "moments" kan verewig op kamera!



**Ferdi, ons kampgeneraal!** Altyd bereid om aandag te gee aan elke versoek! Dankie vir die kosvoorbereiding sodat ons as span net kon aansit en eet! Ek glo met jou aan stuur as Kruispad Kampgronde se kampbestuurder op Makwassie, gaan ons kampgronde pynlik netjies en "well-oiled" wees!



**Jo-Mari... Dankie** dat jy bereid was om jou dromstel vir klein FC te leen vir amper 2 maande! Toe gebruik ons nie die stel nie, maar die stel se baas! Dankie dat jy saam gespeel het en deel was van die vreugde fees!

**Lindi ... Dankie** dat jy op KORT kennisgewing ingespring het op die klavier! Jy weet nie hoe ons jou waardeer nie! Jy het my gehelp om ander weer te help wat jesus so nodig gehad het!



**FC .... baie dankie ons liefling seun** vir 9 lang jare wat jy al vir Kruispad Kampe dromme speel! Selfs in moeilike tye het jy by my en pa gestaan en ons kan vandag net opreg sê...DANKIE! Jou loon is verseker groot in die hemel en mag jy ook in hierdie lewe God se guns en seën ervar!

**Sonja ...ons kosbare meisiekind!** Jou gees is sag en nederig, jy dra ons belangte altyd op die hart en jy sal altyd jou beste vir God se werk gee. Soms is die pad moeilik en kan jou ma & pa ook maar vol draadwerk wees, maar dankie dat jy ons dien al vir soveel jare. Jy mag maar 'n baskitaar speel!!



# Bedankings (vervolg)



**Trudie & Ouma Engela - dankie** vir die hulp om ons vlae so mooi te laat lyk! Ek besef dit was 'n verskriklike werk om daai kruise simmetries te werk op die glibberige organza! Gelukkig is julle mos nie bang mense nie! Danke sus vir al jou werk en soen tog vir broer Dawid vir sy aandeel in die boksie pakker! Ons hoop nie julle is spyt julle het familie geword van die VandenBerghs nie..haha!



**Ouma Engela....dankie** vir jou aandeel in die hele naaldwerk storie. As dit van my afgehang het, was daai lappe net geknip en gehang...haha! Dankie ook vir die piepklein broodjies wat tannie gebak het vir die geskenkboksies. Mag elke vrou Jesus se verbond met ons koester en waardeer elke keer as hulle daarna kyk!



**Liefste Tannie Lettie oftewel Matrone...baie baie dankie** vir soveel jare se getrouheid! Die Vader is sooooo trots op hierdie dogter van hom, want jy ag niks te groot of te klein nie en jy sal jou arms af baklei as die gaan oor God se saak! Dankie dat ons 'n "moedertjie" het vir soveel jare wat ons vrouens met liefde, maar 'n gedissiplineerde hand versorg op ons Vanderbijlpark bus!



**Marita...baie dankie vir Kruispad se Rekenmeester!** Sus, jy beteken vir ons meer as wat jy ooit kan dink! Jy het soveel druk van my skouers afgehaal en ek kon met 'n geruste hart my aandag aan my bediening wy.



**Annelize....baie dankie my sussie dat jy bereid is om die vuilwerk te doen na die kamp!** Annelize was vir ons elke liewe stoelrokkie, doek en tafeldoek wat gebruik is en glo my, julle wil nie sien watse berge en berge wasgoed dit is nie! Jy is 'n spierwit engel uit die hemel soos Paula sal sê!! Hoop net Lukie raak nie verdwaald tussen al die lappe nie..haha! Dankie Lucas dat jy haar so gereeld leen vir ons. Jy het 'n groot aandeel aan die sukses van Kruispad!

## DAN OOK 'N SPESIALE DANKIE AAN DIE VOLGENDE MENSE WAT KRUISPAD SE BELANGE OP DIE HART DRA, GOD SE WIL DOEN , ONS RUG TOEMAAK, DIENSBAAR IS AAN ONS EN GETROU BY ONS STAAN!

♥ **Elke vrou en man wat vir ons gebid en bemoedig het** - persoonlik, per sms, e-pos, facebook of watter manier ook al.

Dankie dat julle vertroue in ons het en hierdie groot saak ondersteun! Elkeen wat gehoorsaam was aan God se stem en vir ons 'n Woord gestuur het uit God se hart. Ek dink spesifiek aan Rozette en die Upington span wat getrou as 'n groepie bymekaar gekom het om vir hierdie kamp in te tree. Tannie Eunice en haar groepie van Postmasburg en so kan ek aangaan! Dankie, dankie, dankie!

♥ **Dankie vir al die kosbare getuienissoe wat ingestroom het.** Ons kon weens die beperkte plek nie alles plaas nie, maar ons kan vir julle wat nou hier lees die versekering gee...daar is **GODLOOFLIKE** getuienissoe! Daar is soveel seer en pyn oopgebreek op hierdie kamp, maar prys God, die genesing was groter!

♥ **Elna, Lindi, Maryks, Trudie, Jo-Mari, Lindie, Annelize, Ouma Engela en almal wat by die inskrywingstafel gehelp het,** baie dankie vir "a job well-done". Hoop julle is volgende jaar weer beskikbaar, want julle was 'n span duisend!!!

♥ **Dankie aan elkeen wat finansieël bygedra het** sodat vroue wat dit nie kon bekostig nie, hierdie kamp kosteloos kon bywoon! Dankie vir elkeen se **dankoffer**, ek profeteer 'n magtige 100 voudige oes oor die werk van jul hande, lewe, en bediening!

♥ **Dankie vir elke VROU wat gehoorsaam was aan God se stem om MY LEWENSLIED by te woon.** Dankie dat jy uit jou gemaakte geklim het om vir 48 uur in God se teenwoordigheid te kom. Ons bind God se guns en seën styf vas aan jou en bid dat ons jou en 'n hele klomp vriendinne saam met jou sal sien **24-26 Oktober 2014 DV!!! Same place, same time! AMEN!!!**

# Bedankings (vervolg 2)



Fanie ... Baie dankie dat jy elke jaar bereid is om vir Kruispad 'n sleepwa te leen om ons magter menigdom van dekor en toerusting op Deo Gloria te kry. Ons vat hierdie sleepwae vir 'n hele week uit Fanie se besigheid uit waarop hy dan geen inkomste kry nie!



Sally & Elmarie...baie dankie vir my 600 egte volstruis vere wat julle vir my kosteloos uit Outshoorn laat kom het en gekleur het soos ek dit gevra het met die bling-bling op! Ek dink julle het gesien watter groot profetiese waarde ons vroue aan elke veertjie geheg het, want God kon daardeer met elke vrou spreek!



Daar was 'n dogter wat se maagdheid ontnem is van haar. Toe die Here 'n spierwit veertjie op haar kop laat val, het



Hester....dankie dat jy bereid was om na Toms in Bloemfontein te ry, vir ons die pakkie op te maak en sonder enige vergoeding vir ons oornag te stuur Orkney toe! Jy is verseker 'n Koning huisend! Baie dankie my sussie!

Gert....sjoek, baie dankie dat jy elke keer as ons hulp nodig gehad het, bereid was om **Kruispad se offisiële koerier** te wees haha! Ons het kort kort ietsie uit Johannesburg nodig gehad, en dan was jy daar om te help. Ons kan nie genoeg dankie sê nie, dit het en soveel geld en tyd gespaar! Thanx Bro!

INDIEN KRUISPAD IEMAND SE NAAM UITGELOS HET, VRA ONS VERGIFNIS. DAAR IS SOVEEL MENSE WAT ONS BEDIENING ONDERSTEUN EN ONS WAARDEER ELKEEN VAN JULL! MAG GOD JOU RYKLIK SEËN EN WEET DAT JY DIE LAS VIR ONS LIGTER MAAK, MAAR MEER NOG, DIS 'N LIEFDESDAAD WAT JY VIR GOD EN AAN GOD DOEN!

## DANKIE!



## VERLORE ARTIKELS!



Elke jaar bly daar maar 'n paar verlore artikels agter by die kampterrein en ons probeer regtig om hul base te vind. Hierdie jaar is daar weer 'n hele klomp goed waarvan ons al van dit kon aanstuur na hul eienaars. Ons soek egter nog base vir die volgende items:

- ♥ 'n getoetste bril (rooi en swart raam) wat in Chalet 37 gevind is
- ♥ 'n goue oorbelletjie wat in die saal opgetel is
- ♥ 'n bruin geborduurde handdoekie met blou omboorsel
- ♥ 'n Bybel (ongelukkig nie 'n foto beskikbaar nie)

Skakel of WhatsApp René @ 073 258 2688





## The Spirit of Praise and Rejoicing: The Spirit of Joy & Holy Laughter

I have found a surprising spiritual link between apparent opposites, **sorrow and joy**.

The Holy Spirit turns mourning into dancing, heaviness into praise, weeping into rejoicing. (Isaiah 61) There is an ultimate point in the cycle of the Holy Spirit's travail when **tears of sorrow turn into victory and darkness turns into the breaking dawn of hope**. Therefore joy and sorrow are bonded pairs and blend into one another.

Again, joy is **not a human emotion** on this level but **an anointed expression of the Spirit**. Thanksgiving and praise follow **breakthroughs of the Spirit**.

**Holy laughter** though ridiculed by those who have not experienced it is part of the **richness of the spiritual life**. When we are **anointed** with the Spirit of Joy, a vast separation is manifested between the material and the spiritual world;

- ♥ **cares and heaviness give way to confidence.**
- ♥ **We sense that God is our total victory and that**
- ♥ **He will never leave us nor forsake us.**
- ♥ **Our hearts are lifted up to the high places where we all sit with Him in heavenly places!**



Die Heilige Gees weet wat jy nodig het al weet jy dit self nie. Om gevul te word met hierdie JOY is 'n onbeskryflike ervaring!

Ek was so 'n jaar gelede by my huisdokter en sy het vir my gewaarsku dat druk en spanning besig is om my chemiese stof, serotonien te vernietig in my brein. M.a.w my "**JOY FLUID**" was besig om leeg te loop.

**EK LEEF op BLYDSKAP...!! Nehemia 8:10** is die WOORD waarop ek my lewe bou: "**Wees dan nie bedroef nie, want die blydschap in die HERE - dit is julle beskutting!**"

Ek het net geweier om enige anti-depressante te gebruik (ek is vir die meeste in elk geval allergies!) alhoewel ek glo dat God hierdie hulpmiddels vir ons liggamoede deur geneesherre beskikbaar maak. Ek het net **geweet dat die vyand my blydschap aangeval** het vir 'n rede....hy wou my **BESKUTTING steel** en my oorgaan aan **MOEDELOOSHEID** en **DEPRESSIE**!



Net voor hierdie kamp het ons 'n kosbare doopdiens gehad na 'n kerkdiens en terwyl ons besig was om vir die Here dankie te sê...het dit gebeur! Ek het eers vreeslik begin huil, maar die volgende oomblik het hierdie Heilige, heerlike blydschap my gevul en ek het begin lag en lag en lag en lag...3 ure daarna was my liggamoede delik vodde, maar my siel en my gees was verkwik, versterk en ek was 'n nuwe mens!

**DAAROM!!! Lei jy aan spanning en ondervind jy depressie, moedeloosheid, is jy lewensmoeg en mat.....LAAT GOD SE GEES TOE OM JOU TE VUL MET 'n HEILIGE LAG! Dit vloeit spontaan as jy God begin DANK en LOOF vir wat Hy vir jou beteken en doen!**



# Waarom val mense onder die krag van God se Heilige Gees?

By ons kampe sien ons dit gereeld, en ons besef dat omtrent 60% van ons kampgangers kom uit tradisionele gemeentes uit en weet nie waarom dit gebeur nie.

Indien jy dit nog nooit verstaan het nie, lees asb hierdie gedeelte wat volg. Dis 'n uittreksel uit die Wikipedia m.a.w dit word geensins ge-manipuleer deur 'n geestelike invloed nie, maar die feite word weer-gegee presies soos dit ondersoek en bevind is.

Being **slain in the Spirit** is a practice **where the laying on of hands is practiced** during a public prayer ministry. Church members or attendees may come to the front of the church (or in other gatherings not necessarily in a church service or building) to receive a special work of the [Holy Spirit](#) from the [Pastor](#), service leader or a team of ministers.<sup>[2]:91</sup> Often a significant amount of time is spent singing and praying during the church service before this point. Attendees are then prayed over and touched by the service leader or leaders.

They perceive the Spirit of God upon them and they fall, usually onto their backs.<sup>[3]:235</sup> In most cases, their fall is broken by [deacons](#), catchers, ushers or orderlies behind them to prevent injury. Beliefs associated with this phenomenon include [divine healing](#), receiving visions, being set free of demonic spirits, hearing God speak.

As Thomas Csordas says: "**In Charismatic ritual life, resting in the Spirit can serve the purposes of demonstrating divine power; of exhibiting the faith of those who are "open" to such power; of allowing a person to be close to, "touched by," or "spoken to" by God (sometimes via embodied imagery); of preparing a person to receive and exercise a spiritual gift; or of healing.**"<sup>[3]:247</sup> Being slain in the Spirit was extremely common in late eighteenth-century [Methodism](#), particularly at [camp meetings](#) and [love feasts](#). Other names for the phenomenon are "falling over", "falling under the Spirit's power", "falling before the Lord", "slain under the power" or "resting in the Spirit".

## Biblical background[edit]

Instances of voluntarily falling before the Lord to worship or pray may be found in [Genesis 17:3](#) and [Joshua 5:14](#). References to voluntarily falling as the result of feeling overwhelmed by a divine presence are found in [Numbers 22:31](#), [Judges 13:20](#), [Ezekiel 1:28](#), [Ezekiel 3:23](#), [Ezekiel 43:3](#), [Ezekiel 44:4](#), [Daniel 8:17](#) and [Matthew 17:6](#). However, these verses seem to imply falling forward in humility, and it would seem there are no verses to imply falling upon being touched by someone.

Instances of **involuntarily falling** before the Lord as the result of feeling overwhelmed by a divine presence are found in [1 Kings 8:10-11](#), [Daniel 8:27](#), [Daniel 10:8-11](#)(possibly implied), [Acts 9:3-4](#), [Acts 26:14](#) and [Revelation 1:17](#).

**There is one passage in the Bible where people "fall to the ground" just by hearing the words "I am He". That is when Judas has betrayed Jesus and the soldiers come to get Jesus.**

"Jesus therefore, knowing all things that would come upon Him, went forward and said to them, "Whom are you seeking?" They answered Him, "Jesus of Nazareth." Jesus said to them, "I am He." And Judas, who betrayed Him, also stood with them. **Now when He said to them, "I am He," they drew back and fell to the ground.** [John 18:4-6](#)

# Ons stel ons November kamp uit na 2014!



## Koster, Noord-Wes

# 14-16 Februarie 2014



Ons het ons kamp van **8-10 November 2013** uitgestel na Februarie volgende jaar agt baie ouers wat kinders het wat eksamens skryf asook jaareindverpligtinge by baie van ons sakemanne. Boek egter VANDAG nog, want ons plekke loop alreeds vinnig vol vir hierdie kamp!



‘n Somersnaweek, weg van die stad, diep in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit!

Luukse kamers met hul eie badkamers, lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!

**KOSTES:** R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof) **SLEGS 18 COUPLES**

**Deposito van R750 is betaalbaar by besprekings asseblief**

**VENUE:** SHAMMAH GAME LODGE **Boek op ons webtuiste:** [www.crossroad-ministries.co.za](http://www.crossroad-ministries.co.za)  
**of bespreek telefonies by:** Connie @ 082 328 2988 of (018) 473 5354



## God wil huwelike regoor Suid-Afrika herstel!

**Ons het JOU hulp nodig!** Ons kan nie alleen hierdie groot taak suksesvol uitvoer nie en daarom het die Here vir ons hierdie plan van aksie gegee:

♥ Ons moet **baniere (Jehovah Nissi!)** maak soos die een hierlangsaan (+/-1200mm x 700mm) en iemand in ‘n dorp of

stad identifiseer wat ‘n **besigheidsplek** het waar daar **baie mense deur beweeg**.

- ♥ Ons gee ook vir hierdie persoon **besigheidskaartjies** met die nodige **inligting** wat by die toonbank beskikbaar sal wees as mense navrae doen.
- ♥ Sou daar ‘n **behoefte** wees in daardie dorp/stad vir so ‘n werkswinkel, sal ons **‘n datum vasstel** en ‘n kamp of seminaar aanbied. Seminare sal oor 2 of 3 dae strek (2 aande en ‘n saterdag of soos dit gemaklik sal wees vir paartjies)
- ♥ **KONTAK ons ASSEBLIEF indien jy geleei word om so ‘n banier by jou besigheid op te sit en ons te help om hierdie werkswinkels te adverteer. Rene @0732582688 / 018 473 5354**

# DIS MANNE TYD!

**22-24 Nov 2013**

**As jy nog nie geboek het nie, is  
NOU dalk 'n goeie tyd!**

**Neil Fourie** en **Ryan Nicholls** is die organisereerders van hierdie Goddelike mannekampe en hierdie naweek gaan hul groot!

Die kamp is oop vir **ENIGE** man wat graag wil kom **rus, recharge** of sommer net in God se teenwoordigheid wil spandeer.

Dis heerlik informeel en dis amper soos 'n klomp broers wat saamkuier op hul Pa se plaas!

**Bespreek gou by Neil @ 074 581 9950**

**R450pp (Etes & Verblyf)**

**BOEK VANDAG NOG!!!!**

Die kampe word 16km buite Orkney op die Bothaville pad gehou. Dis 'n pragtige plaas genaamd KAMEELFONTEIN. Elke kamer het sy eie badgeriewe en die etes is top gehalte!

**Wees 'n blessing  
en bring 'n man saam!**

Banking Details: First National Bank      Account Name: Crossroad Gospel Message NPC  
Account Nr 62355533540      Branch Code: 250053      Reference: Surname & Cellnumber

# **www.crossroad-ministries.co.za**

Luke 14:23

"The master said, 'Then go to the country roads.  
Whoever you find, drag them in.  
I want my house full!'



Indien jy dalk 'n facebook vriend was van Francois of René en jy sien ons is weg...moenie stress nie! Ons het besluit om 'n gesamentlike FACEBOOK oop te maak met al ons groepe naamlik: Kruispad Familie Kerk, Nationale Profetiese Vrouekamp, Getroud Met Liefde & Joshua Kampe.

Besoek en invite ons gerus weer by [www.facebook.com/francoisrene.vandenbergh](http://www.facebook.com/francoisrene.vandenbergh)

Die rede vir ons oorskakeling is bloot omrede ons net te veel mense op ons profiele gehad het wat eintlik onbekend aan ons was en ons is gedurig "gehack" en ons profiele gedupliqueer. Sien jou!!!

